

25 April

Skrifgedeelte: Handeling 20:17-32 (OAV)
Fokusgedeelte: Handeling 20:24

Dra ons die Koninkryk uit?

Paulus, wat 'n paar dae in die hawe van Melite sou deurbring, laat die ouderlinge van Efese daarheen kom. Hy roep sy vorige teenwoordigheid by hulle in herinnering. Hy het hom van die begin tot die einde ten volle aan sy taak gewy. Hy het die Here in nederigheid, soos 'n slaaf, gedien. As sendeling het hy vir hulle die ware evangelie gebring en as leraar en herder het hy hulle onderig en geleer.

Paulus is nie net 'n slaaf van Jesus Christus nie, hy is ook gebind deur die Heilige Gees. Die Gees verplig hom om na Jerusalem te gaan. Ondanks talle waarskuwings dat boeie en verdrukking in Jerusalem op hom wag, voel Paulus verplig om die dienswerk van hy van Jesus gekry het, te gaan klaarmaak. Paulus is gereed om alles en as dit nodig is, sy lewe, vir die saak van Jesus af te lê. Al is sy lewe vir hom hoe kosbaar, reken hy dit van geen belang nie. Hy wil maar net sy lewenstaak en dienswerk, wat die Here vir hom uitgemeet het, voltooi. Hy wil orals getuigenis dra van die goeie nuus van God se vrye gawe in Christus Jesus. Dit is of hy die dringendheid van die evangelisering van die wêreld as voorwaarde vir die wederkoms van Christus beleef. Daarom is hy nie bang vir die gevare wat hom bedreig nie, want het sy lewe reeds gevind, omdat hy dit in Christus verloor het.

Paulus het sy roeping vervul. Hy het getuig. Het ons hierdie getuigenis gehoor? Het ons dit so goed gehoor dat ons in gehoorsaamheid aan ons Verlosser Jesus Christus daaglik getuig? Dra ons die Koninkryk uit deur aan almal te vertel wat ons alles uit genade ontvang het? Wys ons aan ander hoe hulle ook kragtige getuies kan word?

Sing: Psalm 67:2 (1936)

Ds. S Hibbert (Koster)